Die dienste was van die beste wat ons vir baie jare in Suid-Afrika gehad het. Die opkoms was baie goed. Met die uitsondering van 'n bietjie reent was die weer baie aangenaam. Daar het 'n goeie gees geheers, en die algemene mening was, dat dit goed was om daar te wees en deel te hê aan die fees wat die Here vir Sy kinders voorberei het.

Die dienste van Leraars Evans en Wellman was baie tydig en besielend. Die morestudies van Broeder Evans in verband met die Christelike lewe sal lank deur oud en jonk onthou word. Die volgende onderwerpe was uitstekend behandel: „Die Straf van die Sonde,” „Bekering,” „Regverdigmaking deur Geloof,” „Oorwinning in Christus,” „Opwassing in Genade,” en „Heiligmaking.” Ons is oortuig dat vele 'n nuwe insig gekry het van wat dit beteken om 'n Christen te wees.

Behalwe sy nuttige preke het Broeder Wellman ons van baie goeie raad bedien in verband met die Sabbatskool. Daar was geleentheid vir vrae, en op daardie wyse het ons baie hulp ontvang wat betref Sabbatskool vraagstukke.

Die Sabbatskoolofferandes vir die twee Sabbatte van die kampdienste het £101 bedra. Hiervan was £75 op 29 Maart, die Dertiende Sabbat gegee. Hoewel die Kampdiens-offerande nie so groot was as die van laas jaar nie, is ons bly om te sê dat dit £498 opgebring het.

Aangesien dat Leraar L. L. Moffitt 'n beroep ontvang het van die Divisie om die Strewers- en Sabbatskooldepartement oor te neem, en ook om op te tree as redakteur van die *Signs of the Times*, moes daar 'n nuwe konferensie president gekies word as sy opvolger. Derhalwe was daar 'n komitee van twintig lede uit die vier provinsies benoem om saam met die konferensiekomitee die nuwe president te kies. Verskillende name was voorgestel, en na ernstige gebed om leiding, was Leraar A. N. Ingle eindelijk eenparig gekies.

Broeder Ingle is goed bekend; hy is tweetalig, en dit was die oortuiging dat hy 'n sterke leier sal wees. Hy is tans in Londen, dog sal teen die einde van Julie weer in die land terug wees. Daar hy eerland die presidentskap sal aanvaar vra ek vir hom dieselfde lojale en hartlike samewerking as wat sy voorganger geniet het gedurende sy dienstermy.

Die Werkersraad het van 7-11 April sitting gehou. Daar het 'n baie goeie gees geheers. Almal kon deelneem aan die besprekings in verband met die evangelisasie- en kerkvraagstukke. Dit ly geen twyfel nie dat die besprekings tydig en van groot nut was vir die uitbreiding van die waarheid in die toekoms.

Ons kan dus sê dat beide die kampdienste en die werkersvergaderings ryklik deur God geseën was tot nut van almal wat dit bygewoon het.



„DIE verkeerde pad sal nooit iemand na die regte plek toe lei nie.”

# Ek het My Tiende Betaal en --- !

## Treffende Getuienisse Aangaande Seëninge Ontvang as Gevolg van aan die Here Sy eie te gee

### — Die Skuld was Betaal.

Soos baie ander studente het ek die kollege verlaat met skuld. Solank as die skuld nog uitstaande was, het ek nie tiende betaal nie, want ek het gevoel ek kon dit nie bekostig totdat die skuld afbetaal was nie. Dog, om een of ander rede kon die skuld maar nie afbetaal kom nie. Toe het ek besluit om aan die Here Sy tiende te gee, en ek het die agterstallige tiende, met rente, opbetaal. Dis regtig wonderlik hoe gou my kollege skuld toe afbetaal was. Ek het die les nie vergeet nie, en sal ook nooit nie.

A. E. B.

### — 'n Pond het oor die Pos Gekom.

Vir sewentien jaar geniet ek al die voorreg om aan die Here Sy tiende te betaal. Ek het baie roerende ondervindinge deurgemaak gedurende hierdie vervloë jare, wat die getrouheid van God bewys.

Eenmaal, toe ek nie die geld gehad het om my verpligtings na te kom nie, het die Here dit gestuur, byna letterlik uit die hemel.

In die begin van my getroude lewe, toe geldelike moeilikhede my gedruk het, het ek 'n pondnoot in my briewebus gevind. Die naam van die persoon wat dit gestuur het, het ek tot vandag nog nie te wete gekom nie.

„Beproof My tog hierin,” sê die Here. Ek het buite alle twyfel beproef dat „Hy wat dit belowe, getrou is.”

Ek het nog nooit in die skuld geraak nie, want God hou Sy woord.

J. G. B.

### — Die Lande was Gespaar.

In die Republiek van Argentinië was daar 'n nuwe bekeerling wat sy geloof wyd en syd bekendgemaak het. Die Here het hom ryklik geseën, en dit het nie lank geduur voordat hy 'n versoek aan hoofkwartiere gerig en gevra het dat 'n predikant gestuur mag word om ses-en-twintig siele te doop, wat hy gewin het. In die tussentyd het hy verder gegaan en gesoek om nog andere tot die waarheid te win.

Hy het 'n klein plasie gehuur; en daar het hy gewoon en die Christelike lewe uitgeleef voor die mense vir wie hy gearbei het.

Hy het koring gesaai. Weke het verloop en dit was al mooi groot, en hy het met hoop uitgesien na die oestyd. Maar eendag het hulle 'n blink wolk gesien, en eerland was die son verduister deur 'n verskriklike swerm sprinkane wat baie hongeregig was vir groen voer. Sprinkane beteken altyd skade, en die man het gevrees vir sy gesaaide.

Maar hy het die belofte van God aan diegene wat aan Hom getrou is onthou. Hy het na sy koringland gehaas, en daar het hy in ernstige gebed op sy knieë neergeval.

„O, Here,” het hy gesmeek, „Ek was aan U getrou, ek het my tiende betaal; vervul nou U belofte en weer die sprinkane af.”

'n Eenvoudige gebed — dog die Here van die hemel het Sy dienskneg verhoor.

Vir myle in die omtrek het die sprinkane alls platgeloop. Maar in die lande van hierdie getroue Christen was nie 'n ding beskadig nie.

'n Merkwaardige wonderwerk het plaasgevind. Alles in die omtrek was verwoes, dog in die middel, soos 'n groen oase, het hierdie broeder se lande afgesteek.

Toe die sprinkane by die grense van sy lande gekom het, het 'n goddelike mag hulle belet. En toe hulle eindelijk weggetrek het, het hulle die wonderbaarlike bewys van die tussenkoms van God agtergelaat.

Vóór die sprinkane gekom het, het die bure met hierdie broeder se geloof gespot. Maar nou wou hulle ook sy God leer ken. Hulle het aandagtig geluister na sy onderrig, en ses-en-twintig nuwe bekeerlinge het hulle vertrou gestel in Hom wat die gebede van Sy diensknegte verhoor, en hulle eiendom beskerm teen skade.

A. W.



## — Die Huis was Verkoop.

'n Paar jaar gelede het ek begin tiende betaal.

Vir 'n tyd het alles goed gegaan. Maar daar het 'n dag gekom toe die bron van my inkomste opgedroog het, en beproewing het gekom. Die posisie was baie moeilik, en sonder enige vooruitsig vir die toekoms. My enigste besitting was twee pond tien sjielings, tiende wat ek moes betaal, en 'n huis wat ek vir die afgelepe drie jaar al probeer het om te verkoop. Die versoeking het gekom om die tiende te gebruik tot tyd en wyl omstandighede meer gunstig sou word.

Toe het die belofte in Mal. 3:10 my bygeval. Ek het in vertroue my tiende betaal, en Hom vertrou wat belooft het.

Binne 'n paar uur het ek byna driemaal soveel verdien as die tiende wat ek betaal het, en binne 'n maand was my huis verkoop.

Die Here vra ons om Hom op die proef te stel. Ek het dit gedoen, en loof Sy naam, Hy het my nog nooit in die steek gelaat nie.

Ek sal nooit weer aarsel om tiende te betaal nie. Mag andere ook net sulke ryke seëninge ontvang deur aan die Here Sy deel te gee. I. M. H.

## — Ander Werk met Salaries Verdubbel.

'n Moeder en haar seun het besluit om die Here te dien en Sy gebooie te bewaar. Die seun wat sestien jaar oud was kon nie die Sabbat af kry nie, en die volgende aand het die vader tuis gekom met die nuus dat hy, sonder sy skuld, sy werk verloor het. Dit was nog vóór die dae toe die „dole” uitgedeel was.

Wat 'n beproewing! Die moeder het net besluit om daardie week vir die eerste maal tiende te betaal, en nou, net 'n paar dae na sy hierdie besluit geneem het, is die vooruitsig daar dat daar geen inkomste daardie week sou wees nie. Dog haar reaksie hierop was van 'n aard wat dit vir God moontlik maak om Sy magtige arm te ontbloot. Haar besluit was, „Ek sal my tiende in elk geval betaal.”

Die tussenkoms van God was geopenbaar gouer selfs as wat die moeder verwag het. Net die volgende week het vader en seun nuwe betrekkings gekry, met dubbel hul vorige salaris.

Die Here beloon ons geloof nie altyd so goue nie, dog daar is geen Christen wat kan sê dat hy gebrek gely het as gevolg van die betaling van die Here se tiende nie. Klere hou langer, en die geld wat oorbly na ons die tiende betaal het, gaan verder. A. W. L.

## Ons Persoonlike Verhouding tot die Tiende

J. F. WRIGHT

BAIE mense betaal tiendes eenvoudig omdat hulle voel dat daar 'n verpligting op hulle rus om die prediker te onderhou, of omdat hulle die saak van God oor die algemeen moet help ondersteun. En ons kan in hierdie verband sê dat baie siele volkome eerlik is met hierdie opvatting van die tiende kwessie, want dit was vir hulle voorgehou dat hulle hul tiendes getrou moet betaal sodat daar geen tekort in die skathuis van die Here mag wees nie. Dit is egter 'n verkeerde begrip van die hele saak. Hoewel dit waar is dat die tiende bestee word aan die onderhoud van evangeliedienaars, en aan die verspreiding van die waarheid, is dit tog nie die hoofdoel wat betref die betaling van tiendes nie. „Wel,” vra iemand, „as dit dan nie so is nie, met watter doel behoort ons dan tiende te betaal?” Laat ons sien:

Daar is twee dinge wat God as heilig beskou: die Sabbat en die tiende. Hierdie waarheid word duidelik in Gods Woord en in die Gees van profesie geleer.

Dit weet ons, as 'n persoon nalaat om die Sabbat te vier en dit vir sy eie doel-

eindes gebruik, dan word hy as 'n Sabbatskender beskou. Hy het iets geneem wat nie aan hom behoort nie. God het die verhouding van die mens tot die Sabbat, en die wyse waarop dit gevier moet word baie duidelik omskryf; en ons weet dat 'n Sabbatskender geen hoop het om hemel-toe te gaan nie. Die enigste manier waarop ons getrou kan wees wat betref Sabbatviering, is om dit te hou volgens die gebod: „Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig;” en om dit nie vir ons eie doeleindes te gebruik nie.

Ons het gesien wat ons persoonlike verhouding tot die Sabbat behoort te wees; laat ons nou ons aandag aan die tiende skenk. Soos ons reeds aangetoon het, sê God dat die tiende aan Hom heilig is. Dit behoort nie aan die mens nie; dit het nooit aan hom behoort nie, en sal nooit nie. *Dit behoort aan God net so gewis as die Sabbat.* Die enigste veilige weg wat 'n mens kan inslaan is om te erken dat die tiende, sowel as die Sabbat, aan God, en nie aan die mens behoort nie. Die mens is verplig om sy tiende aan God te betaal. As hy dit nalaat, word hy in die Skrifte gebrandmerk as 'n dief voor die aangesig van die almagtige God. Dit ly geen twyfel nie, want die Woord van God leer duidelik

dat die man wat sy tiende terughou God beroof; en ons weet dat 'n rower nooit hemel-toe sal gaan nie.

Uit wat ons alreeds aangetoon het, blyk dit duidelik dat mens nie tiende betaal om die predikant of die konferensie te onderhou nie. Hy betaal ook nie sy tiende aan die kerk nie. Hy betaal dit nie ten einde 'n goeie kerklid te wees nie. As dit die grondslag van die betaling van tiendes sou wees, dan sou die mens soms goeie rede hê om die betaling van sy tiende te staak as gevolg van die wangedrag van die predikant, of as konferensiesake nie na sy sin toegaan nie. Maar geagte leser, die betaling van tiendes is nie 'n plig teenoor die kerk of konferensie nie. Hoewel dit waar is dat die tiende in die skatkis van die kerk of konferensie besorg word ten behoeve van die evangelieprediking, is dit nie die grond-oorsaak waarom 'n persoon tiende betaal nie. Die tiende word aan God betaal omdat die persoon in 'n sekere persoonlike verhouding tot God staan. Laat ons vir 'n oomblik op hierdie verhouding let.

Voor ons die vraag beantwoord waarom 'n persoon tiende moet betaal, stel ons eers die vraag: *Waarom vier ons Sabbat?* Doen ons dit omdat dit deel van ons kerkleer uitmaak? Doen ons dit om goeie kerklede te wees, of omdat die kerk dit verlang? Nee! ten enemale nie! Ons vier die Sabbat omdat dit 'n goddelike voorskrif is. En bowendien, in sy getroue betragting van die Sabbat, bewys die mens dat hy God erken en aanneem as die Skepper van alle dinge. Hoe so? Omdat die vierde gebod God openbaar as die enigste ware God. Die enigste manier waarop die mens sy geloof in God as sy skepper kan toon, is om die Sabbat te vier wat God as Sy dag afgesonderd het. As die mens nalaat om dit te doen, dan is hy 'n ontroue dienskneg voor Gods aangesig en nie 'n plek waardig in die aanstaande koninkryk nie.

Waar ons nou op die verhouding van die mens tot die Sabbat gelet het, laat ons die vraag beantwoord: *Waarom behoort hy tiende te betaal?* Betaal hy dit om die prediker of die kerk te onderhou? Nee! Moet hy dit betaal as hy met die predikant, kerk, en konferensie tevrede is, en mag hy ophou om dit te betaal as hy met een of al drie ontevrede is? Ons antwoord hierop is nogmaals nee. *Waarom moet hy dan tiende betaal?* Eerstens moet die mens tiende betaal omdat God dit van hom verlang; en tweedens, omdat hy daardeur die eiendomsreg van God erken. Ja, deur getrou en eerlik te wees in die betaling van tiendes, erken die individu eenvoudig dat hy 'n rentmeester van die goedere van sy Heer is, en dat alles wat hy in hierdie wêreld besit, maar slegs aan hom geleen is vir solank as hy lewe. Enige persoon wat die eiendomsreg van God, deur die betaling van sy tiende, nie erken nie, word in die boeke van die hemel aangeteken as *iemand wat sy God beroof*. Daar is geen ander gevolgtrekking nie.

Hieruit kan ons dus sien, broeders en susters, dat die mens nie die Sabbat of die

tiende vir sy eie doeleindes mag gebruik nie; albei is heilig in Gods oë; albei behoort aan Hom, en Hy het omskryf hoe ons dit moet beskou. Deur te handel volgens Sy voorskrifte, kan ons reken op die seënige wat Hy belooft het aan die getroues; maar as ons in gebreke bly om dit te doen kan ons alleen die misnoë en vloek van God op ons hoof haal. Die Here het hierdie sake nie aan die willekeur van die mens oorgelaat nie, maar Hy het duidelik voorgeskryf hoe ons ons daarteenoor moet gedra; en slegs as ons Sy voorskrifte volg kan ons getrou bevind word.

Ons kan dus sien dat die Sabbat en die tiende ons in ons verhouding tot God gewis raak; en dat hulle in 'n baie noue verband staan met ons Christelike lewe en die heilighouding van ons siel—daar is geen twyfel hieraan nie. Die enigste manier waarop u en ek ons persoonlike verpligtings teenoor God en Sy saak kan nakom, en waarop ons 'n ingang tot Sy koninkryk kan verwag, is om die Sabbat en die tiende te betrag soos God dit in Sy Woord en in die geskrifte van die Gees van profesie voorskryf. Waar ons in die verlede kortgeskiet het wat betref ons persoonlike verhouding tot God, mag die Here ons help om te verbeter en om voor Hom te wandel in alle opregtheid en eerlikheid, is my vurige bede.



## „Ek Sal 'n Oorvloedige Seën Uitstort”

Verbasende vervulling van die belofte in Mal. 3: 10.

G. HAWKINS

[Broeder G. Hawkins van Wellingborough het die boodskap jare gelede aangeneem. Kort na hy die Sabbat begin hou, en sy tiende betaal het, het hy 'n ondervinding gehad wat die moeite werd is om oor te vertel. Ons is seker dat dit 'n beseeling sal wees vir diegene wat dit lees.—Redakteur.]

Die eerste Adventiste predikant met wie ek in aanraking gekom het, was Broeder Durland, en Sy eerste lesing het my geboei. Vir byna twaalf maande het ek na die boodskap geluister voordat ek dit aangeneem het. Broeder A. H. John het hom by Broeder Durland aangesluit, en as daar ooit twee werkers was wat mekaar aan-gevol het, dan was dit hulle twee.

Terwyl hierdie twee broeders met ons was, het ons die voorreg gehad om besoeke te ontvang van Broeders Lane, Haskell, D. A. Robinson, en ook van Suster White. Hierdie liewe baanbrekers het my geloof grootliks versterk.

Toe die tentdienste begin het, het ons groot opkomsde gehad, en toe Broeder Durland die profesieë verduidelik het, kon mens sy stem byna 'n honderd tree van die tent af hoor. Sy woorde het diep getref en baie oortuig.

En dan weer in teenstelling met Broeder Durland se manier van voordrag, het Broeder A. H. John se sagte stem gekom, stre-lende woorde soos olie van liefde, om die

wonde wat Broeder Durland ons met die swaard van die Gees toegedien het te ver-bind, en ons weer te laat beter voel.

Dit was heerlik om die boodskap in daardie ou dae aan te neem. Die erns, die liefde, en medelye wat met die verkondiging van die boodskap gepaard gegaan het om siele te win, was waarlik wonderbaarlik, en, dank God, dit het vrugte voortgebring.

## Die Sedelike Verpligting van die Tiende Stelsel

### DIE EIENDOMSREG VAN GOD

Die tiende stelsel omsluit meer as slegs 'n manier om predikante te onderhou. Die betaling van tiendes is 'n sedelike verpligting. Dit is 'n praktiese, tasbare bewys dat ons God se eiendomsreg erken. Dit is bewys van ons getrouheid aan God in die tydelike sowel as die geestelike dinge van die lewe.

### DIE MENS SE RENTMEESTER-SKAP

Die mens is 'n rentmeester van God. Alles wat die mens so ryklik geniet kom van God. Al die goud en die silwer is Syne, sowel as die vee op die berge by duisende. Dit is God wat aan die mens die mag verleen om skatte te vergader. Die krag van die mens en die skatte van die natuur kom alles van God. Dog van alles wat die weldadige Skepper aan ons skenk; hou Hy 'n tiende uit as 'n bewys dat Hy die Here van alles is.

### DIE SEDELIKE SY

Om God se deel terug te hou, is nie slegs 'n bewys van snode on-dankbaarheid nie, maar dis ook 'n verregaande vergryp teen die sedewet. Die tien gebooue verbied diefstal. „Jy mag nie steel nie” is 'n goddelike bepaling teen diefstal in al sy vorme. Dit is 'n sonde om God te beroof.

### ONTVREEMDING

As die tiende gebruik word vir persoonlike doeleindes vind daar ontvreemding plaas. Deur die skathuis van God op daardie wyse te beroof, pleeg ons diefstal van die ergste graad teen die hemel.

„Kan 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Hoe het ons U dan beroof? In die tiendes en die offergawe. Met 'n vloek is julle belaa, en tog be-rooif julle My, julle, die hele nasie!” Mal. 3: 8, 9.

L. L. MOFFITT.

Ek is die Here baie dankbaar dat Hy my een van die eersteling gemaak het.

Ek het met die grootste aandag na al die dienste geluister, daar ek vasbeslote was om deur die hulp van God alles te leer wat Hy wou hê dat ek moes weet, en min het ek gedink dat Hy besig was om my te vorm om as getuie vir Hom te staan in 'n stad van twintig duisend inwoners, en ook in die dorpie in die omtrek.

Een Donderdagaand was twee jong manne en ek op weg huistoe. Toe ons op 'n sekere plek kom, het ek gaan staan en aan die ander twee gesê, „Wel, al sou niemand anders in hierdie dorp, of selfs in die hele wêreld die boodskap aanneem nie, ek is so diep oortuig dat ek dit dadelik moet begin uitleef.”

Die ander twee het albei gesê, „as jy dit doen, ons ook.” Ek het geantwoord, „Nee, moet dit nie doen as julle nie persoonlik oortuig is nie.”

Toe ek tuis kom het ek 'n stuk karton geneem, en in groot letters die volgende daarop geskryf:

### KENNISGEWING

Tussen sonder Vrydag en sonder Saterdag sal hier geen besigheid gedryf word nie, want ek glo dat dit die Bybelse Sabbat is.

Hierdie kennisgewing het ek in my venster gesit, vóór sonder op Vrydag.

Net na ek die gordyn laat sak het, het my buurvrou verby gekom. Die eerste woorde wat ek gehoor het, was die volgende:

„Praat van die Here dien, hulle dien die duiwel, en hulle sal eerlank in 'n arme-gestig wees.”

In die bo-ent van die straat waar ek gewoon het, was daar 'n fabriek waar honderde mense gewerk het. Die volgende more het die nuus onder hulle versprei. Hulle het dit weer aan andere vertel en honderde en honderde het my werksplek besoek en my kennisgewing gelees. Eindelike het die nuus in die dag-en weekblaai verskyn, en binne drie dae tyd het die dui-sende gehoor van die man in Welling-borough wat „Saterdag vir Sondag hou.”

Dink net hoe ek gevoel het toe ek moes hoor, op weg na die tent, „Daar loop hy. Dis hy, dis hy daardie.” In daardie dae het ek nie eintlik baie skoene per week gemaak nie, en ek het besef soos nooit te-vore nie, dat ek myself op die genade van God sal moet werp. Dit was vir my 'n groot stryd om die Sabbat aan te neem, en 'n nog groter stryd om die leerstelling omtrent die betaling van tiendes aan te neem, en nou vind ek myself nog boonop iemand wat berug geword in sy eie dorp en in die omliggende dorpie.

Dit het my daartoe gebring om te bid soos nog nooit tevore nie, maar, dank die Here, Hy het my die oorwinning gegee. Die wyse waarop Hy dit gedoen het sal ek nooit vergeet so lank ek leef nie.

Juis hierdie tyd het ek 'n brief van 'n firma in Londen ontvang, wat verneem het of ek 'n sekere soort skoene kon maak.

Ek het navraag gedoen en gevind dat hierdie firma een van die grootstes in Londen was. Ek het gevoel dat ek nie vir so'n groot firma durf werk nie, en het „Nee,” gesê, dog 'n paar dae later het die oortuiging by my begin posvat dat ek behoort te probeer, en ek het hulle toe 'n monster gestuur.

Omtrent vier dae daarna het ek 'n bestelling ontvang wat my byna teen die grond geslaan het, want my ou besigheidjie was so klein. Die bestelling was vir vyfduisend paar skoene. U kan u verbeel hoe ek gevoel het. Ek het vir myself gesê, „Jy moes gek gewees het om vir hulle daardie monster te stuur.” Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek het geweet dat my ou werkplekkie heeltemal te klein sou wees vir 'n bestelling soos hierdie. Dit kon nie eers die leer bevat nie, laatstaan nog die skoene daar maak. My huis en die werkwinkeljies tesame sou nie eers die leer kon bevat nie.

My boodskap aan elke vreesagtige leser hiervan is dit, Moenie bang wees om u hemelse Vader te vertrou nie. As gevolg van hierdie bestelling wat ek met sukses uitgevoer het, het my werk begin uitbrei, en ek het groter en nog groter hoeveelhede skoene vervaardig. God het my gesêen ver bo wat ek kon gevra of gedink het.

God was besig om my voor te berei vir 'n werk wat ek nog nie besef het nie, n.l. om keer op keer vir Hom te getuig.

Ek het gevind dat God my gewild gemaak het onder die mense, nie slegs omdat ek die Sabbat gevier het nie, maar omdat ek die moed gehad het om uit te leef wat Hy in Sy Woord beveel het. Omtrent twaalf maande na ek die Sabbat begin hou het, was ek genader om my verkiesbaar te stel vir die Voogderraad, en ek het ingekom. God het my nou in 'n posisie gestel waar ek vir Hom op 'n openbare wyse kon getuig. Ek het twaalf jaar op hierdie raad gedien. Ek het na die *werkshuis* gegaan, my buurvrou was volkome reg. Op hierdie raad het ek in aanraking gekom met die leraars en boere, en hulle het gou agtergekom waar ek gestaan het, want ek het nooit die raadsvergaderings op die Sabbat bygewoon nie.

Maar God het nog 'n ander manier gehad waarop ek vir Hom moes getuig. 'n Tydjie later was ek deur die politieke partye genader om vir die Raad te staan. Ek het die setel verower en vir byna vyftig jaar gedien. Nou het ek nog beter bekend geraak deur die beginsels wat ek gehuldig het, want ek het met alle klasse op handelsgebied in aanraking gekom. God het my geleentheid verskaf om 'n indruk op hierdie mense te maak, en ek is seker dat ek hulle ten goede beïnvloed het.

Weëns die strawwe konkurrensie, en slegte handelstoestande, gaan sake nou baie swaarder as in daardie ou dae, en mens word gedryf na mens hemelse Vader wat die behoeftes van Sy kinders ken, en wat hulle nooit sal vergeet nie. Hy is vandag en tot in ewigheid dieselfde. Broeder Haskell het eenmaal aan die skare by die tent gesê, „Hoe meer mens die boodskap op die proef stel hoe meer skitter dit.” Ek glo dit

met my hele hart. Mag die liewe Here ons almal wakker maak en toerus deur Sy Gees om die werk te voltooi, en in die vreugde van die Here in te gaan.



## 'n Verbond Met God

A. E. NELSON

Dit is een van die grootste voorregte, en die grootste eer vir 'n mens, om met God 'n verbond te maak; en dis van die grootste bate vir hom. So'n kans word maar baie selde waardeer; nietemin is dit 'n groot voorreg. Dis ook 'n baie groot eer, want watter groter eer kan die mens te beurt val as die voorreg om 'n verbond met die Koning van die heelal te maak. So'n verbond met God aan die eenkant en die mens aan die anderkant kan slegs van die grootste bate vir die mens wees. 'n Verbond is 'n onderlinge ooreenkoms tussen twee of meer partye. Wanneer God 'n verbond met ons maak, of ons met Hom, dan is daar twee partye in betrokke, n.l. God en ons. Sulke verbonde kom dikwels voor in God se handeling met die mens.

Een van die belangrikste hiervan is die Nuwe Verbond wat God met Sy volk aangegaan het. In eenvoudige woorde uitgedruk, beteken dit dat God die saligheid aanbied as gevolg van die soendood van Jesus aan die kruis. Om die bepaling van hierdie verbond aan te neem, beteken vir die mens die ewige saligheid; om dit te verwerp beteken die ewige dood. Nog 'n ander verbond van God met die mens is die verbond met betrekking tot tiendes, opgeteken in Mal. 3:10-12. Die bepaling van hierdie verbond aan die een kant is dat ons al die tiendes in die skathuis sal bring, en aan die ander kant belowe God om die vensers van die hemel oop te maak en op die mens 'n oorvloedige seën uit te stort.

Waarom bied God aan om so'n verbond met Sy volk te maak? In die eerste plek is dit die oogmerk van God om op hierdie manier die verkondiging van die evangelie te finansier. Hy kon verkies het om dit te doen sonder die hulp van Sy volk. Om die waarheid te sê het Hy glad nie ons geld nodig nie. Waarom dan het Hy die tiende stelsel verkies om middele te verskaf vir die verkondiging van die evangelie? Dit is omrede God sekere karaktereïenskappe in ons wil ontwikkel; onder meer die volgende: dienswilligheid, onselfsugtigheid, en eerlikheid.

Dit is goddelik om nie selfsugtig te wees nie, en dis 'n baie aanneemlike eienskap om aan te kweek in hierdie sondige wêreld. As daar een toets is wat bereken is om die onkruid van selfsug uit te roei, dan is dit getrouheid in die betaling van tiendes. Maar dit moedig ook lojaliteit en geloof aan,—lojaliteit aan God, en geloof in die onsienlike. Hier het ons te doen met 'n karaktereïenskap wat onontbeerlik is vir die burgers van die ewige koninkryk van onse Here Jesus Christus. Gehoorsaamheid aan die tiende stelsel is 'n bewys van ons lojaliteit aan ons Verlosser. En om getrou te betaal is bowendien 'n bewys van

volkome eerlikheid wat betref die dinge wat van God kom en aan God toebehoort. Hy is so onselfsugtig dat Hy aan ons negatiendes gee vir ons eie gebruik, met net die één voorwaarde, dat die ander tiende heilig aan die Here is. Laat ons nie verontheilig wat God vir 'n heilige doel afgesonder het nie. Laat ons eerlik wees met God tot wie ons aanspreeklik is vir die betaling van ons tiendes.

'n Verbondkaartjie in verband met die tiende is deur die Wêreldkonferensie opgestel vir distribusie onder ons mense. U word uitgenooi om dit te teken. Baie het al die verbond gemaak; laat hulle dit nou bekragtig deur dit te teken. Daar mag andere wees wat nog nie die verbond gemaak het nie; hulle word uitgenooi om hierdie plegtige verbond met God te teken.

Mag die God van alle seën, wie se beloftes nooit faal nie, dit vir u moontlik maak om uit eie ondervinding te leer dat Hy vir u so'n oorvloedige seën sal uitstort dat u nie daarvoor plek sal hê nie.

## S. O. A. Unie

H. M. Sparrow — Superintendent  
Mej. G. P. Fortner — Sekr.-Tes.  
Bus 51, Blantyre, Niasaland

## Suid-Oos Afrikaanse Unie

F. E. POTTER

VOLGENS rapporte ontvang van Broeder H. M. Sparrow, die superintendent van hierdie veld, verneem ons van vooruitgang in die leesstofbediening. Op die Malamulo Opleidingsinrigting is daar 'n klas van dertig naturelle wat onderrig ontvang van die prinsipaal, Broeder G. R. Nash, in die kuns om godsdienstige lektuur te verkoop; en ons hoop dat 'n hele aantal van diegene wat hierdie jaar gradueer, die leesstofbediening sal opneem. Die resultate in verband met die kolporteerwerk in Nyasaland is baie interessant. Ons deel hier 'n paar voorvalle mee:

'n Invloedryke naturelle prediker van 'n ander genootskap het 'n eksemplaar van „God se Antwoorde” en 'n „Handboek vir Dopelinge” in die hande gekry. Hy het albei met groot belangstelling gelees. Hy was so begerig om meer van die wonderlike boodskap te leer, dat hy tweehonderd myl geloop het van sy stasie na ons stasie op Mwami. By sy aankoms het hy sy begeerte aan Leraar Pearson, die sending direkteur, meegedeel, en hy het etlike dae daar vertoef om meer van ons boodskap te leer. Hy is later weer na sy stasie terug, goed ophoogte van die waarheid, en nou wag ons werkers om die uitwerking te sien van die saad wat deur die een of ander kolporteur gesaai is.

Nog 'n ander interessante voorval word vertel deur Leraar Ben, die Veld-Sendingsektaris van hierdie unie. Hy het 'n ek-

(Vervolg op bladsy 12)

*The Southern*  
**African Division Outlook**

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... *President.*  
A. E. Nelson ..... *Treas. and Auditor.*  
M. P. Robison ..... *Secy. and Ed. Secy.*  
L. L. Moffitt ..... *M. V. Secy. and S. S. Secy.*  
A. N. Tonge ..... *Medical Secy.*  
F. E. Potter ..... *H. M. and Field Miss. Secy.*  
J. I. Robison ..... *Religious Liberty Secy.*

### Helderberg News Notes

MISS DOROTHY LONG has dropped school work for this year and has gone to her parents' home at the Strand.

MISS EUNICE TARR visited friends at the College during the week-end of April 20. Miss Tarr is just completing her course at the Booth Memorial Hospital in Cape Town and paid a final visit here before returning to the Free State.

DENNIS HAREBOTTLE and Leslie Lynch are the latest students to enrol. They will not take full school work until next year however. Louie Renou and Rudolph Visser also enrolled recently. Our enrolment figures have now almost equalled those of last year.

WORK has been resumed on the home for single teachers. The building is now about ready for the roof. The grading of the wide road in front of the building is almost completed. Other improvements include a renovation of the fowl houses, ceiling of the dairy and outside plastering and painting of the new dining room.

✻ ✻

"THERE are three kinds of people, the wills, the won'ts, and the can'ts. The first accomplish everything; the second oppose everything; and the third fail in everything."

✻ ✻

"OUT of every million people in the world eight hundred are blind, and the vision of some of the others is so obscured that they cannot see their own faults."

✻ ✻

THE heart of Infinite Love yearns after those who feel powerless to free themselves from the snares of Satan; and He graciously offers to strengthen them to live for Him. "Fear thou not," He bids them, "for I am with thee: be not dismayed; for I am thy God: I will strengthen thee; yea, I will help thee; yea, I will uphold thee with the right hand of My righteousness."—*Ellen G. White.*

### Women's Christian Temperance Union

The following are the subjects which have been selected by the Cape Province Women's Christian Temperance Union for the 1935 Scientific Temperance Essay Competition which is open to all inhabitants of the Cape Province:

**Junior Class.**—(12 years and under 16 years.) Write an Essay (in English or Afrikaans) of approximately 350 words on "The Effect of Alcohol on the Phagocytes (white corpuscles) in the Blood." Prize £1.

**Intermediate Class.**—(16 and under 18 years.) Write an Essay (in English or Afrikaans) of approximately 650 words on "The Effect of Alcohol on the Heart and the Circulation of the Blood." Prize £1-10-0.

**Senior Class.**—(18 years and over.) Write an Essay (in English or Afrikaans) of approximately 1,000 words on "A Plea for the Abolition of Alcoholic Beverages." Justify the plea by pointing out that the whole charge against alcohol may be summed up in the indictment: "Alcohol diminishes resistance." Prize £2.

Any further particulars may be obtained on application to Miss Jordan, "The Drostdy," Grahams-town, or Miss F. Stapleton, Grove Road, Rondebosch. Entries close on July 1.

### God Walks the Hills AND OTHER POEMS

By Nathaniel Krum

Over 130 poems on God and Nature, the Christian Life, Home, Children and Success. Humorous and Miscellaneous Verse. 128 pages, illustrated.

Beautiful Art Binding, 2/- post paid.

De luxe Binding, ..... 3/- post paid.

One hundred copies sold in three weeks.

Order your copy today.

Send cash with order to  
NATHANIEL KRUM  
Kenilworth, Cape

### Obituary

BRANSON.—Minnie G. Branson, née Shreve, was born in Blueford, Illinois, Jan. 14, 1884; and died at Takoma Park, Md., March 5, 1935. She was reared in a Christian home and at the age of about ten years was baptised, uniting with the Seventh-day Adventist Church. She obtained her education in our own denominational schools. In the year 1904 she united her life interests with those of William Henry Branson. To this union were born four children, two of whom are now living. The son, Elder Ernest L. Branson, is pastor of the St. Louis, Missouri, church; and the daughter, Miss Lois Esther Branson, is a senior student at Washington Missionary College.

Shortly after Sister Branson's marriage her husband was called to the work of the gospel ministry. In 1910 he became president of the South Carolina Conference, later of the Cumberland Conference, and later president of the Southeastern Union Conference. In 1919 he and his family were called to the South African Division, where they remained for ten years. At the last General Conference he was made a general vice-president, and with his wife and daughter returned to North America. Later he was given special charge of the North American Division. During all these years of strenuous service, Sister Branson, to the extent of her strength, was a co-worker with him in his labours. She was greatly beloved for her own intrinsic worth of character by all who came within the circle of her acquaintance and influence. She was not only a mother in the home, but a true mother in Israel. She died with a spirit of resignation, hope, and faith.

She leaves, in addition to her husband and two children, five brothers, two sisters, and a grandson. Funeral services were conducted in the Takoma Park church, Elder W. A. Spicer giving the funeral address, assisted by Elder C. H. Watson, J. L. Shaw, J. W. MacNeil, and

F. M. WILCOX.

### Suid-oo Afrikaanse Unie

(Vervolg van bladsy 11)

semplaar van „God se Antwoorde” verkoop aan 'n vooraanstaande predikant van 'n ander denominasie. Later het hierdie predikant aan Leraar Ben meegedeel dat hy die boek sorgvuldig deurgelees het, en dat hy dit as een van die beste boeke oor die Bybel beskou wat hy nog ooit gelees het. Hy het gesê dat hy voornemens is om die boek by sy mense aan te beveel, en dat Leraar Ben met 'n goeie voorraad gereed moet wees.

Die leesstofbediening is gewis die voorhoede van hierdie beweging, en eers wanneer ons op die nuwe aarde kom, sal ons ten volle die reddende krag daarvan besef.